# Knie-werk…


November 2014

**Terugvoer:**

Muapula: Ons twee oud-studente is veilig terug vanuit die Noorde van Mosambiek. Dit was ’n geseende en vrugbare 3 weke waarin hulle vêr gestap, huisbesoek gedoen en vele gesprekke gehad het met groepe en individue oor Jesus as verlosser. Dit klink of die plaaslike gelowiges grootliks bemoedig is deur hulle ywer en toewyding. Bid dat die Here sy kerk sal bly bou deur sulke getroue getuies.







Israel Manhique saam met Sinolencio beleef steeds erge teenstand in hulle village Ndhaveni. Met hulp van ons personeel en oud-studente kon Israel materiaal bymekaar maak en ’n huisie bou. By ons aankoms daar het hy ontdek dat sy vrou weg is SA toe saam met iemand anders. Sy pa gebruik die gemeenskapsleiers en dreigemente om geweldige druk op hom en die ander gelowiges uit te oefen. Bid vir beskerming en vir standvastigheid in die geloof vir die handjie vol gelowiges daar.

**Nuwe sake:**

Ons is met ’n paar studente na Chinyakanini waar ons deel gehad het aan ’n deurnag byeenkoms van die jeug. Dit was ’n (vermoeiende) ervaring! Bid vir die jongmense en die gemeente: Dat hulle die geheim van ware herlewing sal ontdek – ’n lewe oorgegee aan Jesus. Bid ook vir positiewe rolmodelle. Die jeug het bitter min Christelike leiers waarna hulle kan opsien.





Ons het die jaar afgesluit einde November met ons dankbaarheids fees. Eggenotes het by ons aangelsuit om terug te kyk en soveel genade wat ons ontvang het deur die jaar te erken en te onthou. Ons hoop dat jy dieselfde kan doen.

Die goeie nuus van Kersfees is dit: Daar is vir ons ’n verlosser gebore: Christus die Here! Mag Hy elkeen lei na ware versoening in elke verhouding en so gestalte gee aan die vrede wat Jesus gebring het deur sy werk aan die kruis. Bid dat die kerk die bediening van versoening ernstig sal opneem (2 Kor. 5:18).



Hoop julle kan ook hierdie Desember bietjie uitspan en na liggaan en gees vernuwe word voor die nuwe jaar met volle vaart begin. Die kinders het die regte voorbeeld begin stel daarvoor.

Dankie vir julle liefde en gebede deur die jaar! Geseende Kersfees!

Liefdegroete
Willem & Carol

